By bejaardes is die gemiddelde opruiming van kwetiapien ongeveer 30 % - 50 % laer as dié wat by volwassenes van 18 - 65 jaar waargeneem word.

Die gemiddelde plasmaopruiming van kwetiapien was met ongeveer 25 % verminder by proefpersone met ernstige nierinkorting (kreatinienopruiming minder as 30 ml/min/1,73 m^2) en by proefpersone met hepatiese inkorting (stabiele alkoholiese sirrose), maar die individuele opruimingswaardes is egter binne die reikwydte vir normale persone.

Kwetiapien word ekstensief gemetaboliseer en na die toediening van radiogeëtiketteerde kwetiapien was die stamverbinding vir minder as 5 % van die onveranderde medisyne-verwante materiaal in die urine of faeces verantwoordelik. Ongeveer 73 % van die radioaktiwiteit word in die urine en 21 % word in die ontlasting uitgeskei.

CYP3A4 is die primêre ensiem verantwoordelik vir die sitochroom P450-bemiddelde metabolisme van kwetiapien. Daar is gevind dat kwetiapien en verskeie van sy metaboliete swak inhibeerders van menslike sitochroom P450 1A2-, 2C9-, 2C19-, 2D6- en 3A4-aktiwiteit was, maar slegs teen konsentrasies wat ten minste 10 - 50 keer hoër was as dié wat in die gebruiklike effektiewe dosisreikwydte van 300 tot 450 mg/dag by die mens, waargeneem is.

INDIKASIES

QUETZ word aangedui vir die behandeling van skisofrenie.

QUETZ word ook aangedui vir die behandeling van maniese episodes geassosieer met 'n bipolêre versteuring. Veiligheid en doeltreffendheid na 12 weke, is nie vasgestel nie.

KONTRA-INDIKASIES

Hipersensitiwiteit teen kwetiapien of enige van die ander bestanddele van **QUETZ**.

Swangerskap en laktasie, omdat veiligheid nog nie vasgestel is nie. Veiligheid en doeltreffendheid by kinders en adolessente is nie vasgestel nie. Gevorderde inkorting van lewer- en nierfunksie, omdat veiligheid nog nie vasgestel is nie.

WAARSKUWINGS EN SPESIALE VOORSORGMAATREËLS

Pasiënte met major depressiewe versteuring, beide volwassenes en kinders, mag verergering van hulle depressie en/of die ontluiking van selfmoordgedagtes en -gedrag ondervind, of hulle antidepressante medisyne neem, al dan nie. Hierdie risiko mag voortduur totdat beduidende remissie voorkom. 'n Oorsaaklike rol vir antidepressante medisyne om sulke gedrag te induseer, is egter nie vasgestel nie.

Pasiënte wat met **QUETZ** behandel word, behoort nogtans versigtig vir kliniese agteruitgang en neiging tot selfmoord, veral aan die begin van 'n terapiekursus of te eniger tyd van dosisveranderings, beide verhogings of verlagings, dopgehou te word.

Weens die moontlikheid van komorbiditeit tussen major depressiewe versteuring en ander psigiatriese en nie-psigiatriese versteurings, behoort dieselfde voorsorgmaatreëls wat toegepas word wanneer pasiënte met major depressiewe versteurings behandel word, ook toegepas word wanneer pasiënte met ander psigiatriese en nie-psigiatriese versteurings behandel word.
Die volgende simptome is aangemeld by pasiënte wat met antidepressante vir major depressiewe versteuring, asook ander aanduidings, beide psigiatries en nie psigiatries, behandel is: angs, agitasie, paniekaanvalle, slaaploosheid, prikkelbaarheid, hostiliteit (aggressie, impulsiwiteit, akatisie, hipomanie en manie). Alhoewel 'n oorsaaklike rol tussen die ontluiking van selfmoordimpulse nog nie vasgestel is nie, behoort oorweging geskenk te word om die terapeutiese regimen te verander, insluitend om **QUETZ** te staak by pasiënte by wie sulke simptome ernstig is, skielik begin, of nie deel van die pasiënt se presenterende simptome was nie.

Indien die besluit geneem word om behandeling te staak, behoort **QUETZ** geleidelik verminder te word (Sien "**DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS**").

Hiperglisemie en diabetes mellitus:

Hiperglisemie, in sommige gevalle ernstig en geassosieer met ketoasidose of hiperosmolêre koma of die dood, is aangemeld by pasiënte wat met atipiese antipsigotiese middels, insluitend **QUETZ**, behandel is.

Pasiënte met 'n bevestigde diagnose van diabetes mellitus wat op atipiese antipsigotiese middels soos **QUETZ** begin word, behoort gereeld gemonitor te word vir verergering van glukosebeheer. Pasiënte met risikofaktore vir diabetes mellitus (bv. obesiteit, familiegeskiedenis van diabetes) wat behandeling met atipiese antipsigotiese middels soos **QUETZ** begin, behoort gemonitor te word vir simptome van hiperglisemie insluitend polidipsie,poliurie, polifagie, en swakheid. Pasiënte wat simptome van hiperglisemie ontwikkel tydens behandeling met atipiese antipsigotiese middels soos **QUETZ**, behoort vastende bloedglukosetoetse te ondergaan. In sommige gevalle, het hiperglisemie verdwyn toe die atipiese antipsigotiese middels soos **QUETZ,** gestaak is; sommige pasiënte het egter voortsetting van antidiabetiese behandeling nodig gehad ten spyte van staking van die verdagte medisyne.

Lomerigheid mag voorkom, gewoonlik tydens die eerste 2 weke van behandeling en dit verbeter gewoonlik met volgehoue toediening van **QUETZ**.

Resolusie van leukopenie en/of neutropenie volg gewoonlik na staking van terapie met **QUETZ**. Moontlike risikofaktore vir leukopenie en/of neutropenie sluit in voorafbestaande lae witseltelling en 'n geskiedenis van medisynegeïnduseerde leukopenie en/of neutropenie. Agranulositose is aangemeld by pasiënte wat behandeling met kwetiapien ontvang het. Alhoewel 'n oorsaaklike verwantskap nie vasgestel kon word nie, kan die moontlikheid dat **QUETZ** geïmpliseer was, nie uitgesluit word nie.

Gelyktydige siekte:

QUETZ behoort met omsigtigheid gebruik te word by pasiënte met ligte tot matige hepatiese of renale inkorting, met bekende serebrovaskulêre siekte, kardiovaskulêre siekte of ander toestande wat predisponeer tot hipotensie, of met 'n geskiedenis van aanvalle. **QUETZ** mag ortostatiese hipotensie, veral tydens die aanvanklike dosis-titrasie periode induseer; dit kom meer algemeen voor by bejaarde pasiënte as by jonger pasiënte.

Kwetiapien soos in **QUETZ** is nie met 'n aanhoudende verhoging in QTc-intervalle geassosieer nie. Omsigtigheid behoort egter uitgeoefen te word wanneer **QUETZ** voorgeskryf word met medisyne waar dit bekend is dat hulle die QTc-interval verleng, veral by bejaardes.

Aanvalle:

Wanneer pasiënte met 'n geskiedenis van aanvalle behandel word, word omsigtigheid aanbeveel.

Tardiewe diskinesie:

Daar bestaan die potensiaal dat **QUETZ** tardiewe diskinesie mag veroorsaak. Indien tekens en simptome van tardiewe diskinesie te voorskyn kom, behoort staking van **QUETZ** oorweeg te word.

Neuroleptiese maligne sindroom:

Neuroleptiese maligne sindroom is met behandeling met **QUETZ** geassosieer. Kliniese manifestasies sluit hipertermie, veranderde geestesstatus, spierrigiditeit, outonome onstabiliteit, en verhoogde kreatienfosfokinase in. In so 'n geval, behoort **QUETZ** gestaak, en toepaslike mediese behandeling gegee te word.

QUETZ bevat laktose. Pasiënte met seldsame oorgeërfde probleme van galaktose-intoleransie, die Lapland-laktasegebrek of glukosegalaktosewanabsorpsie behoort nie **QUETZ** te neem nie.

Effekte op die vermoë om te bestuur en masjiene te gebruik:

QUETZ mag lomerigheid veroorsaak wat kan inmeng met aktiwiteite wat geesteswakkerheid verg. Tot individuele vatbaarheid bekend is, moet pasiënte aangeraai word om nie te bestuur of masjiene te gebruik nie.

INTERAKSIES

Weens die primêre sentrale senusisteemeffekte van **QUETZ**, behoort **QUETZ** met omsigtigheid gebruik te word in kombinasie met ander sentraalwerkende medisyne en alkohol.

Die farmakokinetika van litium word nie verander wanneer dit saam met **QUETZ** toegedien word nie.

Wanneer dit gelyktydig toegedien word, word die farmakokinetika van natriumvalproaat en **QUETZ** nie tot 'n klinies relevante mate verander nie. Na gelyktydige toediening saam met die antipsigotiese middels risperidoon of haloperidol, word die farmakokinetika van **QUETZ** nie beduidend verander nie.

Die gelyktydige toediening van **QUETZ** en tioridasien mag egter toenames in die opruiming van **QUETZ** veroorsaak.

QUETZ induseer nie die hepatiese ensiemsisteme wat by die metabolisme van antipirien betrokke is nie.

Ensieminduseerders soos karbamasepien mag die plasmakonsentrasies van kwetiapien verminder en hoër dosisse van **QUETZ** mag nodig wees. Gelyktydige toediening van **QUETZ** saam met 'n ander mikrosomale ensieminduseerder, fenitoïen, mag ook verhogings in die opruiming van **QUETZ** veroorsaak. Verhoogde dosisse van **QUETZ** mag nodig wees om beheer van psigotiese simptome te handhaaf by pasiënte aan wie **QUETZ** en fenitoïen en ander hepatiese ensieminduseerders (bv. rifampisien, barbiturate, ens.) gelyktydig toegedien word. Die dosis **QUETZ** moet moontlik verminder word indien fenitoïen, karbamasepien of ander hepatiese ensieminduseerders onttrek word en met 'n nie-induseerder (bv. natriumvalproaat) vervang word.

CYP3A4 is die primêre ensiem wat verantwoordelik is vir sitochroom P450-bemiddelde metabolisme van **QUETZ**. Die farmakokinetika van **QUETZ** word nie na gelyktydige toediening saam met simetidien, 'n bekende P450-ensieminduseerder, verander nie. Die farmakokinetika van **QUETZ** word nie na gelyktydige toediening saam met die antidepressante imipramien ('n bekende CYP2D6-inhibeerder) of fluoksetien ('n bekende CYP3A4- en CYP2D6-inhibeerder), beduidend verander nie. CYP3A4 is die hoof isoënsiem verantwoordelik vir sitochroom P450-bemiddelde metabolisme van kwetiapien en omsigtigheid word aanbeveel wanneer **QUETZ** saam met potente inhibeerders van CYP3A4 soos makroliede antibiotika (bv. eritromisien) en asool-antifungale middels (bv. flukonasool, itrakonasool en ketokonasool) gebruik word; laer dosisse van **QUETZ** behoort gebruik te word, as dit saam met sulke inhibeerders gegee word.

QUETZ behoort met omsigtigheid gebruik te word by pasiënte wat ook antihipertensiewe middels of medisyne wat die QT-interval verleng, ontvang.

QUETZ mag die werking van dopamienergiese middels soos levodopa antagoniseer.

SWANGERSKAP EN LAKTASIE

QUETZ is teenaangedui tydens swangerskap en laktasie, omdat veiligheid nog nie vasgestel is nie.

DOSIS EN GEBRUIKSAANWYSINGS

QUETZ behoort twee keer daagliks, met of sonder kos, toegedien te word.

Volwassenes:

Vir die behandeling van skisofrenie is die totale daaglikse dosis vir die eerste 4 dae van terapie 50 mg (Dag 1), 100 mg (Dag 2), 200 mg (Dag 3) en 300 mg (Dag 4).

Vanaf Dag 4 en daarna behoort die dosis getitreer te word na die effektiewe dosisreikwydte van 300 - 450 mg/dag. Dit mag egter aangepas word afhangende van die kliniese reaksie en verdraagsaamheid van die individuele pasiënt binne die reikwydte van 150 - 750 mg/dag.

Vir die behandeling van maniese episodes geassosieer met bipolêre versteuring,is die totale daaglikse dosis vir die eerste 4 dae van terapie 100 mg (Dag 1), 200 mg (Dag 2), 300 mg (Dag 3) en 400 mg (Dag 4). Addisionele dosisaanpassings tot by 800 mg/dag teen Dag 6 behoort in inkremente van nie meer as 200 mg/dag, gemaak word.

Die dosis kan aangepas word afhangende van die kliniese reaksie en verdraagsaamheid van die individuele pasiënt binne die reikwydte van 200 - 800 mg/dag. Die gebruiklike effektiewe dosis is in die reikwydte van 400 - 800 mg/dag.

Daar moet opgelet word dat die aanbevole maksimum daaglikse dosis **QUETZ** 750 mg/dag is vir die behandeling van skisofrenie, en 800 mg/dag vir die behandeling van maniese episodes geassosieer met bipolêre versteuring. Voortgesette behandeling teen hoër dosisse behoort alleenlik oorweeg te word na versigtige bepaling van die voordeel-risiko-verhouding vir 'n individuele pasiënt.

Bejaardes:

QUETZ behoort met omsigtigheid by bejaardes gebruik te word, veral gedurende die aanvanklike doseringsperiode. Bejaarde pasiënte behoort op **QUETZ** 25 mg/dag begin te word. Die dosis behoort daagliks verhoog te word in inkremente van 25 - 50 mg tot 'n effektiewe dosis, wat waarskynlik laer sal wees as dié van jonger pasiënte.

Renale en hepatiese inkorting:

By pasiënte met ligte tot matige renale of hepatiese inkorting, is die orale opruiming van **QUETZ** met ongeveer 25 % verminder. **QUETZ** word ekstensief deur die lewer gemetaboliseer. Omsigtigheid behoort dus toegepas te word wanneer dit aan pasiënte met bekende hepatiese inkorting toegedien word.

Pasiënte met renale of hepatiese inkorting behoort met **QUETZ** 25 mg/dag begin te word.

Die dosis behoort daagliks in inkremente van 25 - 50 mg, tot 'n effektiewe dosis,verhoog te word.

NEWE-EFFEKTE

Die volgende newe-effekte is aangemeld.

Bloed- en limfatiese sisteemversteurings:

Frekwent:

Leukopenie

Minder frekwent:

Eosinofilie, neutropenie

Immuunsisteemversteurings:

Minder frekwent:

Hipersensitiwiteit (angio-edeem, anafilakse, urtikarie/ veluitslag)

Endokriene versteurings:

Minder frekwent:

Behandeling met kwetiapien word geassosieer met dosis-verwante verminderings in tiroïedhormoonvlakke, veral totale T4 en vrye T4. Die verlaging in totale en vrye T4 was maksimaal binne die eerste 2 tot 4 weke van **QUETZ-**behandeling.

Frekwensie onbekend:

Verhogings in prolaktienkonsentrasies

Metabolisme en voedingversteurings:

Minder frekwent:

Anoreksie

Senusisteemversteurings:

Frekwent:

Duiseligheid, lomerigheid, sinkopee

Minder frekwent

Aanval, disartrie, hipertonie, ekstrapiramidale simptome (akatisie, akinesie, tandratrigiditeit, ekstrapiramidale sindroom, hipertonie, hipokinesie, nekrigiditeit en tremor) kom voor en is nie dosisverwant nie.

Frekwensie onbekend:

Angs

Oogversteurings:

Minder frekwent:

Asimptomatiese veranderings in die lens van die oog mag voorkom by pasiënte op langtermyn behandeling met **QUETZ**.

Abnormale visie

Frekwensie onbekend:

Droë oë

Oor- en doolhofversteurings:

Frekwensie onbekend:

Oorpyn

Kardiale versteurings:

Frekwent:

Tagikardie

Minder frekwent:

Hartkloppings, verlenging van die QTc-interval

Vaskulêre versteurings:

Minder frekwent:

Hipotensie, ortostatiese hipotensie

Frekwensie onbekend:

Hipertensie

Respiratoriese, torakale en mediastinale versteurings:

Minder frekwent:

Dispnee, faringitis, rinitis

Gastroïntestinale versteurings:

Minder frekwent:

Abdominale pyn

Frekwensie onbekend:

Diarree, droë mond, hardlywigheid, dispepsie

Vel- en onderhuidse weefselversteurings:

Minder frekwent:

Toename in sweet

Muskuloskeletale, bindweefsel- en beenversteurings:

Frekwensie onbekend:

Mialgie

Renale en urinêre versteurings:

Frekwensie onbekend:

Urienweginfeksies

Voortplantingsisteem- en borsversteurings:

Minder frekwent:

Menstruele veranderings, galaktoree

Seldsaam:

Priapisme

Algemene versteurings en toestande by die toedieningsplek:

Frekwent:

Astenie, perifere edeem

Minder frekwent: Hoofpyn, griepagtige simptome, koors

Frekwensie onbekend:

Rugpyn, borspyn

Seldsaam:

Neuroleptiese maligne sindroom

Ondersoeke:

Frekwent:

Gewigstoename, verhogings in serumtransaminases (ALT, AST)

Minder frekwent:

Verhogings in gamma-GT-vlakke, verhogings in nie-vastende serumtrigliseried

BEKENDE SIMPTOME VAN OORDOSERING EN BESONDERHEDE VAN DIE BEHANDELING DAARVAN

Berigte van oordosis van kwetiapien alleen wat sterfte of koma veroorsaak het,het minder dikwels oorgekom.
Algemeen gesproke was die aangemelde tekens en simptome dit wat voortgespruit het van 'n oorbeklemtoning van die medisyne se bekendefarmakologiese effekte, d.i. lomerigheid, kalmering, tagikardie en hipotensie.
Daar is geen spesifieke teenmiddel vir **QUETZ** nie. Behandeling is simptomaties en ondersteunend.

IDENTIFIKASIE

QUETZ 25 mg:

Perskekleurige, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette gedebosseleer met 'E 52' op die een kant en onversier op die ander kant.

QUETZ 100 mg:

Geel, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'E 53' gedruk op die een kant en onversier op die ander kant.

QUETZ 200 mg:

Wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'E 55' gedruk op die een kant en onversier op die ander kant.

QUETZ 300 mg:

Wit, kapsule-vormige, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'E 56' gedruk op die een kant en onversier op die ander kant.

AANBIEDING

QUETZ 25 mg:

Stulpverpakking:

Tablette word verpak in wit ondeurskynende 250 mikron PVC film en gedrukte 25 mikron aluminiumfoelie met 7 gvm hitte-seël-vernis. Elke stulpverpakking bevat 10 tablette.

Verpakkingsgroottes: **30s -** Elke kartondoos bevat 3 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

90s - Elke kartondoos bevat 9 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

100s - Elke kartondoos bevat 10 stulpverpakkings van 10tablette elk.

HDPE-Houer Verpakking:

Tablette word verpak in 40 ml wit, ondeurskynende HDPE-houers met 'n 33 mm nek- afwerking met 'n 33 mm-400 RS wit ondeurskynende sluitstuk en 'n TEKNIPLEX HS-123 induksie seëlvulsel.

Verpakkingsgroottes: **30s** - Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

90s - Een HDPE-houer bevat 90 tablette.

QUETZ 100 mg:

Stulpverpakking:

Tablette word verpak in wit ondeurskynende 250 mikron PVC film en gedrukte 25 mikron aluminiumfoelie met 7 gvm hitte-seël-vernis. Elke stulpverpakking bevat 10 tablette.

Verpakkingsgrootte: **90s -** Elke kartondoos bevat 9 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

HDPE-Houer Verpakking:

Tablette word verpak in 40 ml wit, ondeurskynende HDPE-houers met 'n 33 mm nek- afwerking met 'n 33 mm-400 RS wit ondeurskynende sluitstuk en 'n TEKNIPLEX HS-123 induksie seëlvulsel.

Verpakkingsgrootte: **90s** - Een HDPE-houer bevat 90 tablette.

QUETZ 200 mg:

Stulpverpakking:

Tablette word verpak in wit ondeurskynende 250 mikron PVC film en gedrukte 25 mikron aluminiumfoelie met 7 gvm hitte-seël-vernis. Elke stulpverpakking bevat 10 tablette.

Verpakkingsgrootte: **30s -** Elke kartondoos bevat 3 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

60s - Elke kartondoos bevat 6 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

HDPE-Houer Verpakking:

Tablette word verpak in 40 ml wit, ondeurskynende HDPE-houers met 'n 33 mm nek- afwerking met 'n 33 mm-400 RS wit ondeurskynende sluitstuk en 'n TEKNIPLEX HS-123 induksie seëlvulsel.

Verpakkingsgrootte: **30s** - Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

QUETZ 300 mg:

Stulpverpakking:

Tablette word verpak in wit ondeurskynende 250 mikron PVC film en gedrukte 25 mikron aluminiumfoelie met 7 gvm hitte-seël-vernis. Elke stulpverpakking bevat 10 tablette.

Verpakkingsgrootte: **30s -** Elke kartondoos bevat 3 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

60s - Elke kartondoos bevat 6 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

HDPE-Houer Verpakking:

Tablette word verpak in 40 ml wit, ondeurskynende HDPE-houers met 'n 33 mm nek- afwerking met 'n 33 mm-400 RS wit ondeurskynende sluitstuk en 'n TEKNIPLEX HS-123 induksie seëlvulsel.

Verpakkingsgrootte: **30s** - Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

BEWARINGSINSTRUKSIES

Bewaar by of benede 30 °C .

Moenie die stulpverpakkings uit die kartondoos verwyder nie totdat dit benodig word. Hou die houers dig gesluit.

HOU BUITE BEREIK VAN KINDERS.

REGISTRASIENOMMER

QUETZ 25 mg : 45/2.6.5/0646
QUETZ 100 mg: 45/2.6.5/0647
QUETZ 200 mg: 45/2.6.5/0648
QUETZ 300 mg: 45/2.6.5/0649

NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT

AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS.) BPK.
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1, Eerste Vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,
1448, Suid-Afrika

BEMARK DEUR:

ZYDUS HEALTHCARE SA (EDMS.) BPK.
Southdowns Gebou
22 Karee Straat
Centurion, 0157
Suid Afrika

DATUM VAN PUBLIKASIE VAN DIE VOUBILJET

Datum van registrasie:
5 Junie 2014

Datum van hersiening:
6 Desember 2022

P1533304

DETACH BEFORE DISPENSING

PASIËNTINLIGTINGSBROSJURE

S5

QUETZ 25 mg (tablet)
QUETZ 100 mg (tablet)
QUETZ 200 mg (tablet)
QUETZ 300 mg (tablet)

Kwetiapienfumaraat

Lees hierdie hele brosjure versigtig voordat jy begin om QUETZ te neem.
- Hou hierdie brosjure. Jy mag dit weer moet lees.
- Indien jy verdere vrae het, vra asseblief jou dokter of jou apteker daaroor.
- **QUETZ** is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy behoort nie jou medisyne met ander persone te deel nie. Dit kan hulle skade aandoen, al is hulle simptome dieselfde as joune.

1. WAT QUETZ BEVAT

Die aktiewe stof is kwetiapien.

QUETZ 25 mg:

Elke filmbedekte tablet bevat kwetiapienfumaraat ekwivalent aan kwetiapien 25 mg. Bevat suiker: 5,167 mg laktose

QUETZ 100 mg:

Elke filmbedekte tablet bevat kwetiapienfumaraat ekwivalent aan kwetiapien 100 mg. Bevat suiker: 20,667 mg laktose

QUETZ 200 mg:

Elke filmbedekte tablet bevat kwetiapienfumaraat ekwivalent aan kwetiapien 200 mg. Bevat suiker: 41,333 mg laktose

QUETZ 300 mg:

Elke filmbedekte tablet bevat kwetiapienfumaraat ekwivalent aan kwetiapien 300 mg. Bevat suiker: 60,000 mg laktose

Die ander bestanddele van **QUETZ** is kalsiumwaterstof-fosfaat; mikrokristallyne sellulose; laktose; magnesiumstearaat; povidoon; silika kolloïdaal watervry; natriumstyselglikolaat en talk. Die bedekkingsmateriaal van **QUETZ 25 mg** bevat hipromellose;
ysteroksied rooi (C.I. Nr: 77491); ysteroksied geel (C.I. Nr: 77492); makrogol/ PEG 400 en titaandioksied (C.I.Nr: 77891). Die bedekkingsmateriaal van **QUETZ 100 mg** bevat hipromellose; ysteroksied geel (C.I. Nr: 77492); makrogol/ PEG 400 en titaandioksied (C.I. Nr: 77891). Die bedekkingsmateriaal van **QUETZ 200 mg** bevat hipromellose;makrogol 400 en titaandioksied (C.I. Nr: 77891). Die bedekkingsmateriaal van **QUETZ 300 mg** bevat hipromellose; makrogol 400 en titaandioksied (C.I. Nr: 77891).
Die afdruk-bestanddele wat op **QUETZ 100 mg**, **QUETZ 200 mg** en **QUETZ 300 mg** gebruik word, bevat ammoniumhidroksied; ysteroksied swart (C.I. Nr: 77499); isopropielalkohol; N-butielalkohol; propileenglikol en skellak glasuur in etanol.

2. WAARVOOR QUETZ GEBRUIK WORD

QUETZ behoort aan 'n groep medisyne wat antipsigotiese middels genoem word.

QUETZ word gebruik om sommige soorte geestesversteurings te behandel soos:

- Skisofrenie. Simptome van skisofrenie sluit in hallusinasies (soos om stemme te hoor wat nie verduidelik kan word nie), vreemde en skrikwekkende gedagtes, veranderings in jou optrede, en 'n gevoel van eensaamheid en verwarring.
- Maniese episodes wat met 'n bipolêre versteuring voorkom. Simptome van manie sluit in effekte op jou gemoedstoestand en 'n gevoel van groot opgeruimdheid of opwinding. Jy mag voel dat jy minder slaap as gewoonlik nodig het. Jy mag ook meer praat as gewoonlik en vlietende gedagtes en idees hê. Jy mag ook meer prikkelbaar as gewoonlik voel.

3. VOORDAT JY QUETZ NEEM

Moenie QUETZ neem nie:

- Indien jy hipersensitief (allergies) vir kwetiapien, of enige van die ander bestanddele van **QUETZ** is.
- Indien jy swanger is of borsvoed.
- In kinders en adolessente - omdat die veiligheid en doeltreffendheid van **QUETZ** nog nie in hierdie ouderdomsgroep bepaal is nie.
- Indien jy gevorderde lewer- en nierprobleme het.

Neem spesiale sorg met QUETZ:

- Voordat jy **QUETZ** neem, moet jy jou dokter vertel:
- Indien jy diabetes het of aan die risiko om diabetes te ontwikkel blootgestel is (bv. as jy obees is of 'n familiegeskiedenis van diabetes het). Indien jy diabetes het, sal jou dokter jou bloedsuikervlakke gereeld laat toets terwyl jy **QUETZ** neem. Indien jy aan die risiko om diabetes te ontwikkel, blootgestel is, sal jou dokter jou monitor vir simptome van hoë bloedsuiker soos oormatige dors en vloeistofinname, passering van groot volumes urine,oormatige eet en swakheid.
- Indien jy lewer- of nierprobleme het.
- Indien jy hartprobleme het.
- Indien jy 'n beroerte gehad het.
- Indien jy lae bloeddruk het.
- Indien jy al ooit 'n aanval (konvulsie) gehad het.
- **QUETZ** mag lighoofdigheid of duiseligheid veroorsaak wanneer jy uit 'n lêende of sittende posisie opstaan, veral wanneer jy eers met behandeling begin. Dit is meer geneig om by bejaarde pasiënte voor te kom. Vermy te vinnig opstaan uit 'n lêende of sittende posisie.
- **QUETZ** mag 'n toestand veroorsaak wat as "tardiewe diskinesie" bekend staan. Kontak jou dokter dadelik indien jy enige van die volgende simptome van tardiewe diskinesie ontwikkel: onbeheerde bewegings, veral van jou gesig of tong.
- **QUETZ** mag 'n toestand veroorsaak wat as "neuroleptiese maligne sindroom" bekend staan. Kontak jou dokter dadelik indien jy enige van die volgende simptome van neuroleptiese maligne sindroom ontwikkel: uitermatige hoë liggaamstemperatuur, vinniger asemhaling, vinnige harttempo, sweet, stywe spiere, voel baie slaperig of word flou, agitasie, verwarring, tremor (bewerasies), groot toename in bloeddruk.
- **QUETZ** mag verergering van depressie of selfmoordgedagtes en -gedrag veroorsaak of jy antidepressante medikasie neem, al dan nie. Kontak jou dokter dadelik indien jy hierdie toestand ondervind.
- Indien jy **QUETZ** neem, behoort jou dokter jou aan die begin van jou behandeling te monitor of wanneer jy enige veranderings in jou dosis ondervind, om seker te maak dat jy nie verergering van jou simptome of selfmoordneigings ondervind.

Neem van QUETZ saam met kos en drank:

- **QUETZ** kan met, of sonder kos, geneem word.
- Wees versigtig hoeveel alkohol jy drink. Dit is omdat die gekombineerde effek van **QUETZ** en alkohol jou slaperig kan laat voel.

Swangerskap en Borsvoeding:

QUETZ moet nie tydens swangerskap of borsvoeding geneem word nie. Die veilige gebruik van **QUETZ** tydens swangerskap en borsvoeding is nie vasgestel nie.

Indien jy swanger is of jou baba borsvoed terwyl jy **QUETZ** neem, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies raadpleeg voordat u **QUETZ** drink.

Bestuur en gebruik van masjiene:

QUETZ kan jou slaperig laat voel. Moenie bestuur of enige gereedskap of masjiene gebruik nie, totdat jy weet hoe **QUETZ** jou affekteer.

Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van QUETZ:

QUETZ bevat laktose. Pasiënte met seldsame oorgeërfde probleme van galaktose-intoleransie, die Lapland-laktasegebrek, of glukose-galaktose-wanabsorpsie behoort nie **QUETZ** te neem nie.

Neem van ander medisyne saam met QUETZ:

Jy moet altyd jou gesondheidsorgdeskundige vertel indien jy enige ander medisyne neem.
(Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in).

- Alkohol.
- Barbiturate (medisyne vir epilepsie).
- Tioridasien ('n ander antipsigotiese medisyne).
- Rifampisien (vir tuberkulose).
- Medisyne vir aanvalle, soos karbamasepien, fenitoïen, fenobarbital of natriumvalproaat.
- Medisyne vir depressie of geestesversteurings, soos imipramien, haloperidol, risperidoon of fluoksetien.
- Eritromisien ('n antibiotiese medisyne).
- Sekere antifungale medisyne soos flukonasool, itrakonasool en ketokonasool.
- Medisyne wat gebruik word om hoë bloeddruk te behandel.
- Levodopa (vir die behandeling van Parkinson se siekte)
- Medisyne waar dit bekend is dat hulle die QT-interval ('n tydinterval op 'n EKG, d.i. elektrokardiogram) verleng.

Indien jy enige van hierdie medisyne neem, sal jy moontlik **QUETZ** nie kan neem nie, of jy mag moontlik dosisaanpassing benodig, of jou dokter sal jou versigtig moet monitor vir newe-effekte. Voordat jy enige van jou medisyne staak, gesels asseblief eers met jou dokter daaroor.

Indien jy enige medisyne gereeld neem, insluitend komplementêre of tradisionele medisyne, mag die gebruik van **QUETZ** saam met hierdie medisyne ongewenste interaksies veroorsaak. Raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies.

4. HOE OM QUETZ TE NEEM

Neem **QUETZ** altyd presies volgens jou dokter se instruksies. Jy behoort met jou dokter of apteker te gesels indien jy nie seker is nie. Indien jy onder die indruk verkeer dat die effek van **QUETZ** te sterk of te swak is, gesels met jou dokter of apteker daaroor.

- **QUETZ** behoort twee keer per dag, met of sonder kos, geneem te word.
- **Volwassenes:**
  - Jou dokter sal besluit op jou aanvangsdosis en mag dit geleidelik verhoog.
  - Daarna sal hierdie dosis gewoonlik wissel tussen 150 mg en 800 mg elke dag. Dit hang van jou siekte en behoeftes af.
- **Bejaarde persone:**
  - Indien jy bejaard is, sal jou dokter moontlik vir jou 'n laer dosis gee.
- **Nier- en lewerprobleme:**
  - Indien jy nier- en lewerprobleme het, sal jou dokter moontlik vir jou 'n laer dosis gee.

Indien jy meer QUETZ neem as wat jy behoort te neem:

Die simptome van oordosis sluit in slaperigheid, verhoogde hartslagtempo en lae bloeddruk.

In 'n geval van oordosis, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien beide nie beskikbaar is nie, moet jy die naaste hospital kontak.

Indien jy vergeet om QUETZ te neem:

Indien jy vergeet om 'n dosis te neem, moet jy dit neem sodra jy daarvan onthou. Indien dit egter amper tyd is vir jou volgende dosis, moet jy tot dan wag. Moenie 'n dubbele dosis neem om op te maak vir 'n vergete dosis nie.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

QUETZ kan newe-effekte veroorsaak.

Indien jy enige van die volgende simptome ondervind, moet jy **QUETZ** staak en jou dokter vertel of dadelik na die ongevalledepartement van jou naaste hospitaal te gaan:

- Galbulte/ veluitslag; probleme met asemhaling; swelling van jou gesig, lippe, tong of keel. Dit is almal baie ernstige newe-effekte. Indien jy dit het, het jy 'n ernstige allergiese reaksie op **QUETZ**. Jy het moontlik dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig.
- Neuroleptiese maligne sindroom. Simptome van neuroleptiese maligne sindroom sluit in: uitermatige hoë liggaamstemperatuur, vinniger asemhaling, vinnige harttempo, sweet, stywe spiere, voel baie slaperig of word flou, agitasie; verwarring; tremor (bewerasies); groot toename in bloeddruk (wat mag manifesteer as simptome sooshoofpyn, versteurde visie, braking en neusbloeding).
- **QUETZ** mag 'n toestand veroorsaak wat "Tardiewe diskinesie" genoem word. Simptome van tardiewe diskinesie sluit in: onbeheerbare bewegings, veral van jou gesig of tong.
- Aanvalle (stuipe)
- Pynlike ereksie van die penis wat vir ure kan duur.
- Veranderings in visie.

Vertel jou dokter indien jy van enige van die volgende newe-effekte bewus word:

- voel lomerig (dit mag met tyd verdwyn, soos jy aanhou om **QUETZ** te neem); duiseligheid, droë mond; gebrek aan energie; hardlywigheid; verhoging in die tempo van die hartslag; lae bloeddruk wanneer jy staan (dit mag jou duiselig of flou laat voel); indigestie; gewigstoename; floute; swelling van die hande en voete as gevolg van vloeistofretensie;toe neus; koors; gebrek aan aptyt; lomerigheid; probleme met praat;
- angs; droë oë; oorpyn; (vinnige onreëlmatige hartklop; lae bloeddruk; hoë bloeddruk; inflammasie van die keel; abdominale pyn; diarree (frekwente of los waterige stoelgang); toename in sweet; spierpyn; blaas- of nierinfeksies; nreëlmatige menstruasie; onverwagte produksie van borsmelk (galaktoree); hoofpyn; griepagtige simptome; rugpyn; borspyn.
- Abnormale spierbewegings. Dit sluit in probleme om met spierbewegings te begin; bewerasies, gevoel van rusteloosheid of spierstyfheid sonder pyn. Sommige newe-effekte word slegs waargeneem wanneer 'n bloedtoets gedoen word. Dit sluit in te min witbloedselle, toename in die getal van sekere soort witbloedselle in die bloed, veranderings in die hoeveelheid van sekere vette (trigliseriede en totale cholesterol) in die bloed, afname in skildklierhormoon, toenames in lewerensieme en toenames in die hoeveelheid prolaktienhormoon in die bloed.

Vertel jou dokter indien enige van bogenoemde newe-effekte ernstig of hinderlik is, nie weggaan nie of oor enigebekommernisse wat jy het terwyl jy **QUETZ** neem.

Nie alle newe-effekte wat vir **QUETZ** aangemeld is, word in hierdie brosjure ingesluit nie. Indien jou algemene gesondheid sou vererger terwyl jy **QUETZ** neem, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige vir advies raadpleeg.

6. BERGING EN WEGDOENING VAN QUETZ

Bewaar by of benede 30 °C (kamertemperatuur). Moenie die stulpverpakking uit die karton verwyder nie, totdat dit vir gebruik benodig word. Hou die houer dig gesluit.

Bewaar alle medisyne buite bereik en sig van kinders.

Gee alle ongebruikte medisyne terug aan jou apteker. Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolsisteme (bv. toilette) weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN QUETZ

QUETZ 25 mg:

Stulpverpakking:

Tablette word verpak in wit ondeurskynende PVC film en gedrukte aluminiumfoelie. Elke stulpverpakking bevat 10 tablette.

Verpakkingsgroottes: **30s -** Elke kartondoos bevat 3 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

90s - Elke kartondoos bevat 9 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

100s - Elke kartondoos bevat 10 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

HDPE-Houer Verpakking:

Tablette word verpak in 40 ml wit, ondeurskynende HDPE-houers met 'n wit ondeurskynende sluitstuk en 'n induksie seëlvulsel.

Verpakkingsgroottes: **30s** - Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

90s - Een HDPE-houer bevat 90 tablette.

QUETZ 100 mg:

Stulpverpakking:

Tablette word verpak in wit ondeurskynende PVC film en gedrukte aluminiumfoelie. Elke stulpverpakking bevat 10 tablette.

Verpakkingsgrootte: **90s -** Elke kartondoos bevat 9 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

HDPE-Houer Verpakking:

Tablette word verpak in 40 ml wit, ondeurskynende HDPE-houers met 'n wit ondeurskynende sluitstuk en 'n induksie seëlvulsel.

Verpakkingsgrootte: **90s** - Een HDPE-houer bevat 90 tablette.

QUETZ 200 mg:

Stulpverpakking:

Tablette word verpak in wit ondeurskynende PVC film en gedrukte aluminiumfoelie. Elke stulpverpakking bevat 10 tablette.

Verpakkingsgrootte: **30s -** Elke kartondoos bevat 3 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

60s - Elke kartondoos bevat 6 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

HDPE-Houer Verpakking:

Tablette word verpak in 40 ml wit, ondeurskynende HDPE-houers met 'n wit ondeurskynende sluitstuk en 'n induksie seëlvulsel.

Verpakkingsgrootte: **30s** - Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

QUETZ 300 mg:

Stulpverpakking:

Tablette word verpak in wit ondeurskynende PVC film en gedrukte aluminiumfoelie. Elke stulpverpakking bevat 10 tablette.

Verpakkingsgrootte: **30s -** Elke kartondoos bevat 3 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

60s - Elke kartondoos bevat 6 stulpverpakkings van 10 tablette elk.

HDPE-Houer Verpakking:

Tablette word verpak in 40 ml wit, ondeurskynende HDPE-houers met 'n wit ondeurskynende sluitstuk en 'n induksie seëlvulsel.

Verpakkingsgrootte: **30s** - Een HDPE-houer bevat 30 tablette.

8. IDENTIFIKASIE VAN QUETZ

QUETZ 25 mg:

Perskekleurige, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette gedebosseleer met 'E 52' op die een kant en onversier op die ander kant.

QUETZ 100 mg:

Geel, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'E 53' gedruk op die een kant en onversier op die ander kant.

QUETZ 200 mg:

Wit, ronde, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'E 55' gedruk op die een kant en onversier op die ander kant.

QUETZ 300 mg:

Wit, kapsule-vormige, bikonvekse, filmbedekte tablette met 'E 56' gedruk op die een kant en onversier op die ander kant.

9. REGISTRASIENOMMER

QUETZ 25 mg: 45/2.6.5/0646
QUETZ 100 mg: 45/2.6.5/0647
QUETZ 200 mg: 45/2.6.5/0648
QUETZ 300 mg: 45/2.6.5/0649

10. NAAM EN ADRES VAN DIE REGISTRASIEHOUER

AUROGEN SOUTH AFRICA (EDMS.) BPK.
Woodhill Kantoorpark, Gebou Nr. 1, Eerste Vloer
Phillip Engelbrechtlaan 53,
Meyersdal, Uitbr. 12, Johannesburg,
1448, Suid-Afrika

BEMARK DEUR:

ZYDUS HEALTHCARE SA (EDMS.) BPK.
Southdowns Gebou
22 Karee Straat
Centurion, 0157
Suid Afrika

11. DATUM VAN PUBLIKASIE

Datum van registrasie:
5 Junie 2014

Datum van hersiening:
6 Desember 2022